ERNST GOTTSCHLING

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Ernst Friedrich Gottschling**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Ernst Friedrich, * Duitsland 10.6.1856, † Boksburg 16.8.1924, x Wilhelmine ELFERT, * 29.10.1866, † 29.11.1915, xx Emma Elizabeth GENTSCH, * Reppen, Duitsland 17.6.1872, † Pretoria 9.9.1948.

Ernst kom in 1882 in Suid-Afrika aan en werk aanvanklik op Riversdal waar hy in die skool met onderrig gehelp het. In 1884 word hy na Laingsburg gestuur om daar 'n sendingstasie te begin. Hy bou 'n kerkie daar en vanaf 1888 word ook in die kerkie skoolgehou. Die Spoorweë het aan Ernst 'n vrypas gegee om sy gemeentelede te besoek, terwyl die kinders- en kerkgangers wat die skool besoek het, ook gratis kon treinry. Die skool is so goed bygewoon dat daar in 1890 'n aparte skool gebou is. Sy werk het 'n geweldige area gedek en van 1896-97 was Ernst op Mosselbaai, waar hy gehoop het om te herstel van die uitputtende werk op Laingsburg. Hy het ook gehoop dat sy sieklike vrou baat by die milde seeklimaat sou vind; dit het egter nie gebeur nie en hy moes haar in 1897 na Duitsland neem waar sy later in 'n verpleeginrigting oorlede is.

Ernst werk hierna in Transvaal waar dit gou blyk dat hy 'n natuurlike aanleg vir die Swart tale gehad het. Hy werk op Georgenholtz, Gertrudsburg en ten slotte op Boksburg, waar hy gou 'n bloeiende gemeente gehad het. Ernst se kinders woon almal in Duitsland.

b1 Friedrich, * 20.11.1886, † in die Eerste Wêreldoorlog.
b2 Paul Theodore, * Laingsburg 15.8.1888.
b3 Helene A.N., * Laingsburg 31.1.1891.
b4 Anna, * Laingsburg 18.2.1892, †, x SPITTLER.
[c] Wolfgang SPITTLER.
b5 Marie, * Mosselbaai 26.2.1895.